# Couch Tuner 2019

ANNIBRAND

dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak

Walking the plank

Matteus 14:22-33

Groepbespreking

Vanaand gesels ons oor vrees en twyfel, Petrus is die simbool van vrees en twyfel in die Bybel. Maar Petrus is vir ons die dissipel wat vir ons baie leer van wie ons self is: Petrus is die een wat twyfel en vrees, Petrus is die een wat ontken dat hy Jesus ken en Jesus verloën voor ander. Tog is Petrus die dissipel waarvoor Jesus aan die einde van Sy lewe sê: "Jy is die rots waarop ek my kerk sal bou".

Dit is half asof Jesus vir ons deur Petrus wil sê ons gaan twyfel, ons maak foute, ons gaan bang wees en angstig wees in die Koninkryk, maar dit is deel van dissipel wees.

**Vanaand sien ons hoe ons, ons vrese kan aanpak en die eerste tree uit die skuit kan gee soos Petrus.**





**2**

- Wat het vir jou uitgestaan uit ons Couch gesprek vanaand?
- Wat was vir jou iets wat jy self baie kon beleef of relate mee?

**3 Wat is die goed wat jou bang maak in jou lewe vandag?**

## Lees die teks

22Net daarna het Jesus sy dissipels in die skuit laat klim
om solank voor Hom uit te vaar na die oorkant toe terwyl
Hy nog eers die mense huis toe laat gaan. 23Nadat Hy die
mense weggestuur het, het Hy alleen na die berg toe
gegaan om te bid. Toe dit aand word, was Hy daar alleen.
24Die skuit was reeds 'n paar kilometer van die kus af en
is deur die golwe geteister, want die wind was van
voor. 25Met dagbreek die volgende môre het Hy op die see
na hulle toe aangeloop gekom. 26Toe sy dissipels Hom op
die see sien loop, het hulle groot geskrik en gesê: "Dis 'n
spook!" Van angs het hulle hard begin skreeu.
27Maar Jesus het dadelik met hulle gepraat en gesê:
"Wees gerus, dit is Ek. Moenie bang wees nie."
28Toe sê Petrus vir Hom: "Here, as dit regtig U is, beveel
my om op die water na U toe te kom."
29"Kom!" sê Hy. Petrus het uit die skuit geklim, op die
water begin loop en naby Jesus gekom. 30Maar toe Petrus
sien hoe sterk is die wind, het hy bang geword en begin
sink en uitgeroep: "Here, red my!"




31Dadelik het Jesus sy hand uitgesteek,
hom gegryp en vir hom gesê:
"Kleingelowige, waarom het jy begin
twyfel?"
32Hulle het toe in die skuit geklim, en die
wind het gaan lê. 33Die manne in die
skuit het voor Jesus gekniel en gesê: "U
is waarlik die Seun van God."

## Matt 14:22-33

- Wat is vir julle die hoof ding wat uitstaan in hierdie gedeelte?
- Wat sê Jesus vir Petrus oor sy vrese?
- Hoe dink julle voel Jesus oor vrees en twyfel?

**5** Dit is snaaks hoe ons vir mekaar leer dat ons nie mag bang wees nie, ons mag nie twyfel nie. Tog is Petrus die simbool van ons “Kerk en Dissipelskap” Jesus doop Hom as die rots waarop ons geloof verder gebou sal word. Daarom mag ons twyfel en mag ons bang word.

Petrus leer ons ook dat jy jou vrese kan oorkom as jy dit direk in die oe staar en eerlik konfronteer, soos wat hy moes maak om op die water te loop. Petrus se verhaal wys ook vir ons dat Christus daar is om ons te gryp te midde van die kere wat ons dalk die verkeerde dinge kan doen, daarom kan ons in die Koninkryk hier en nou vrees aanspreek!

**Die Koninkryk is Hier dit is nou!**

**Ons kan ons vrese direk aanpak, want Christus is op die water saam met ons!**

ANNIBRAND
dat elkeen Jesus sal ken en saam 'n verskil sal maak

# Food for thought

- Waarmee Challenge God jou vanaand? Hoe gaan jy leef wat jy vanaand gehoor het?
- Hoe gaan jy die ware beeld van God aan mense wys? ( Hoe leef jy dit prakties is jou omgewing)
- Bid saam vir die week se aktiwiteite wat voorlê en vra dat God julle as groep sal gebruik om Sy Ware beeld te leef en Sy Koninkryk te laat kom.




**As jy verder wil gesels is jy welkom om Hanno te kontak by hanno@stellenberg.co.za of 0795435261**